# *UIT DIE PEN VAN DIE CEO (32/09)*

*Justin Chadwick (14 Augustus 2009)* Citrus Growers Association (CGA)

***GESEGDE VAN DIE DAG:"*** *"The secret of a good sermon is to have a good beginning and a good ending; and to have the two as close together as possible" George Burns*

**VIER DIE SUKSES: WEN DIE AUSSIES IN DIE RUGBY BIG TIME!!**

## ONTHOU ASSEBLIEF - BELANGRIKE DATUMS

'n Herinnering aan die **CGA se AGM wat by Willow Park Konferensiesentrum (15 minute vanaf OR Tambo Internasionale Lughawe) om 17:00 op 18 Augustus 2009 gehou gaan word.** RSVP Gloria@cga.co.za

Die Department Landbou, Bosbou en Visserye (DAFF) se koördineringsvergadering gaan **in Stellenbosch by LNR Infruitec, Olive Grove op 16 September 2009 om 09:00** gehou word.

## TRANSFORMASIE-BESTUURDER

Lukanyo Nkombisa is as die CGA se Bestuurder van Transformasie aangestel en sluit by Melton Mulaudzi en Andrew Mbedzi in produsente ontwikkelingsaktiwiteite aan. Lukhanyo het by die CGA vanaf die Departement van Landbou aangesluit waar sy take die hantering van die internskapprogram ingesluit het en hy was ook by die heropbou van die voorligtingsprogram betrokke. Lukanyo is dus perfek geplaas om die CGA se transformasiepoging te dryf. Sy fokus sal op mentorskap, voorligting, opleiding en institusionele ontwikkeling wees.

## MAPUTO

Sitrus word na Durban vervoer vanaf die noordelike produksie areas ten spyte daarvan dat Maputo hawe baie nader is. Onderberg (as voorbeeld) is minder as 2 ½ ure vanaf Maputo, en waarskynlik omtrent 8 tot 10 ure vanaf Durban. Om hierdie rede alleen moet die koste om deur Maputo te gaan minder wees as die Durban alternatief. Laas week was my eerste besoek aan Maputo om die Maputo Corridor Logistics Initiative (MCLI) se 5 jaar vieringe by te woon asook die AGM – dit is 'n ware staats-privaat vennootskap waar beide hande gevat het om die gebruik van die Gauteng-Maputo Korridor te verbeter en uit te brei. MCLI word deur die energieke en entoesiastiese Brenda Horn bestuur, wat 'n klein begroting gerek het om berge te versit. Die MCLI AGM en 5 jaar vieringe was 'n voorbeeld wat sy kan bereik – op die podium was die vorige Premier van Mpumalanga en Voorsitter van MCLI, Dr Mathews Phosa, tesame met die Ministers van Vervoer van beide Mosambiek en Suid-Afrika. En hoe is dit vir doelmatigheid – hulle het in VW Jetta's aangekom (miskien moet party van die M Benz lovers in RSA hiervan kennis neem). Die drie hoogwaadigheidsbekleders het almal toesprake gelewer wat 'n duidelike begrip getoon het van al die uitdagings wat verbruikers in Maputo trotseer, en het plegtig hul ondersteuning belowe om die uitdagings aan te spreek.

Vir ons as 'n sitrusbedryf, is Maputo een van die oplossings om opeenhoping in Durban te verminder. Hierdie jaar het CGA 'n inisiatief gehad om te probeer om 100 000 palette deur die hawe te kry. Ons het met terminaal operateurs, verskepingsmaatskappye en die Maputo hawebestuur vergader in 'n poging om die gebruik van Maputo aan te spoor. Ons sal ook die aansluiting by MCLI bespreek om van Brenda se energie agter die inisiatief te kry. As jy laas week in Maputo was, sou jy kon dink dat die 100 000 palette maklik sal wees om te bereik omdat sitrus by die hawe ingestroom het – die fasiliteit was vol en 10 vragmotors het buite gestaan, gewag om af te laai. Die terminaal se operateurs het egter uitgewys dat drie skepe in die volgende week of twee sou aankom, waarna die terminaal weereens na minder innames sal terugkeer. Ons mag dalk nie die 100 000 palette in 2009 behaal nie, maar het die geleenthede vir groter volumes in die toekoms geskep.

Wat vir die terminaal operateurs frustrerend was (en ek is seker vir die betrokke eienaar van die skip ook) was dat die skip wat vir Noord-Europa bestem was, in die dokke was, maar dat die vrugte wat die fasiliteit oorstroom het vir die Midde-Ooste, Rusland en die Med was. Beter beplanning in die toekoms is nodig.

Nog 'n brokkie goeie nuus is Maersk's se aankondiging van 'n direkte houerdiens na die Verre Ooste vanaf Maputo. CGA is besig om met almal betrokke te vergader om kostes, ens te bepaal.

Maputo was gewoond aan 'n florerende hawe (soos gesien aan die verbrokkelende infrastruktuur en fasiliteite), dit is weer oppad na sy vorige bloeitydperk en dit blyk dat daar regtig geleenthede vir die sitrusbedryf is.

## GEPAK EN VERSKEEP 2009

Hierdie laaste week het John Edmonds hard gewerk met die vier vergaderings van die variëteitsfokusgroepe. Die nawel en pomelo se voorspellings bly grootliks soos dit was, terwyl die Valencia Fokusgroep hul voorspellings verder verminder het (sien onder). Die voorspelde gepakte syfer is nou amper 5 miljoen kartonne minder as die oorspronklike skatting! Sagte sitrus het hul skatting na 6.6 m kartonne verminder.

Vars nuus van Rusland is dat die mark nie goed lyk vir sagte sitrus nie, pomelos is gebalanseerd en suurlemoene doen OK. Die situasie vir lemoene is onduidelik met meer volumes wat in die volgende paar weke verwag word. Bekommernis is uitgespreek oor die plooibare betalingsterme wat deur party uitvoerders aan Rusland aangebied is – daar moet voorsorg wees omdat daar 'n aantal nuwe spelers in die mark is, en hou in gedagte die groot verliese wat deur sommige in Rusland in 2008 gelei is.

| Tot Week 32 – Miljoen 15Kg kartonne | Gepak | Gepak | Gepak | Verskeep | Verskeep | Oorspronklike Skatting | Nuutste Voorspelling | Finaal Gepak | Finaal Verskeep |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **Bron : PPECB** | 2007 | 2008 | 2009 | 2008 | 2009 | 2009 | 2009 | 2008 | 2008 |
| Pomelo | 13.6 m | 12.4 m | 13.4 m | 11.7 m | 12.5 m | 15.1 m | 13.5 m | 12.8 m | 12.4 m |
| Sagte Sitrus | 6.4 m | 6.8 m | 6.3 m | 5.9 m | 5.3 m | 7.4 m | 6.6 m | 7.3 m | 6.5 m |
| Suurlemoene | 6.2 m | 8.8 m | 7.6 m | 7.4 m | 6.1 m | 9.4 m | 8.2 m | 9.6 m | 8.8 m |
| Nawels | 17.9 m | 20.3 m | 18.7 m | 18.1 m | 16.7 m | 21.6 m | 19 m | 21.5 m | 21.2 m |
| Valencia | 18.2 m | 20.4 m | 17.6 m | 12.9 m | 10 m | 43 m | 38.2 m | 42.8 m | 40.4 m |
| | 62.3 m | 68.7 m | 63.6 m | 56 m | 50.6 m | 96.5 m | 85.5 m | 94 m | 89.3 m |

**JOU HEFFING WERK VIR JOU – PRODUSENTE SE HEFFINGS WORD AANGEWEND OM DIE AKTIWITEITE VAN DIE CGA, CRI EN SITRUS AKADEMIE TE BEFONDS**